Nuusbrief

SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

03 | 2018

Volg ons!

Industrie "Steering Committee":

SADPO poog al 'n geruime tyd om 'n "Steering Committee" te stig waar 'n klein groep amptenare om 'n tafel bymekaar gaan kom om ons industrie se probleme / struikelblokke te identifiseer. Saam sal daar dan aan 'n oplossing gewerk word. Op hierdie komitee sal daar 'n verteenwoordiger van elk van die volgende departemente wees: DMR, DMR MH&S, Waterwese, Regulator, State Diamond Trader, asook SADPO se Voorsitter. Ons poog dat hierdie Komitee elke maand bymekaar sal kom.

Vir hierdie komitee om 'n sukses te wees, het ons alle SADPO lede se insette nodig. Stuur asb 'n epos aan die Sekretaris met jou versoek / probleem / voorstel / klagte wat jy onder hierdie komitee se aandag wil bring. Ons sal almal op hoogte hou soos daar vordering gemaak word.

Hierdie is jou geleentheid om jou spesifieke probleme te identifiseer en 'n oplossing daarvoor te probeer kry, sonder dat jy jou eie kosbare tyd gebruik op admin / reis tyd of afsprake – MOET DIT NIE DEUR JOU VINGERS LAAT GLIP NIE. Maak seker dat jou mede delwer wat moontlik nog nie lid van SADPO is, by ons aansluit sodat ons hierdie geleentheid as 'n EENHEID kan aanpak.

Interessante onderhoud:

Ons deel graag met julle 'n baie insiggewende onderhoud met Vusi Thembekwayo: https://www.youtube.com/watch?v=CWQuGV2ReK0. Ons het verseker meer van hierdie tipe denke in ons bedryf nodig!

Tender datums:

CS Diamonds & NDM 16 – 19 April, 14 – 17 Mei, 18 – 21 Junie

Mahube Diamonds 23 – 26 April, 21 – 24 Mei, 18 – 21 Junie

Konsultante en SADPO:

Dit kom nog gereeld onder ons aandag dat daar sekere wanpersepsies bestaan rondom die funksie van SADPO asook die rol van die Organisasie in die bedryfsaktiwiteite van ons lede.

SADPO is nie ‘n diensverskaffer nie, maar wel ’n nie-winsgewende organisasie. Alle fondse wat SADPO ontvang word gebruik vir die bevordering van die bedryf. Ons sien Konsultante as ons vennote, met wie ons graag saamwerk en nooit wil inmeng en / of betrokke raak in die verhouding wat hulle mag hê met hulle kliënte nie.

Indien u dus enige negatiewe stories oor SADPO hoor, doen ons ’n beroep op u om te skakel met enige van ons Nasionale Komitee lede, by wie u die ware feite kan kry.

Diesel Rabatte:

Hier word goeie vordering in hierdie aangeleentheid gemaak. Ons het onlangs ‘n aanvullende voorlegging op versoek van die Nasionale Tesourie voorberei en ingedien. Ander rolspelers, insluitende die Kamer van Mynwese, is ook in die proses om aanvullende voorleggings voor te berei en gaan daar hopelik binnekort uitsluitsel hieroor wees.

2018 Delwers Konferensie:

Ons Konferensie was ‘n baie groot sukses gewees en wil ons graag dankie sê vir al ons borge, sprekers en almal wat teenwoordig was. Die bal is klaar aan die rol vir 2019 se Konferensie – baie opwindende dinge wat beplan word!!

Lees asseblief die volledige Konferensie berig op ons webwerf http://sadpo.co.za/delwers-konferensie-2018/ - daar is ook lekker baie foto’s om na te kyk.

Inspeksie vraelyste:

Die inspeksie vraelyste wat ons sirkuleer en wat ook vrylik op ons webwerf beskikbaar is, is ‘n deurlopende inisiatief deur SADPO om inligting te versamel wat ons sal help met ons konsultasies met die DMR. Dit is alles ten bate van ons lede.

Ons het die laaste ruk maar min vraelyste ontvang. SADPO voel daar moet ‘n goeie verhouding tussen ons, ons lede en die relevante staatsdepartemente en staatsamptenare

wees. Ons versoek u dus weer vriendelik om wanneer u inspeksies ontvang, of dit goed of sleg verloop het, dat u nog steeds vir ons ‘n vraelys sal voltooi. Daardie vraelyste word gebruik om statistieke op te trek en ons sal graag aan die DMR wil uitwys die verbetering en / of verswakking op die verskeie vlakke.

Ons as organisasie is net so sterk soos die inligting wat ons vanaf u ontvang.

‘n Baie groot dankie aan die lede wat so getrou hulle vorms vir Lynette stuur, dit maak haar werk soveel makliker.

Mynbou Handves:

Soos u sekerlik bewus is, het ons nuwe President die konsultasie proses heropen en is die Kamer van Mynwese se Hofaansoeke uitgestel om hierdie konsultasie proses ‘n regverdige kans te gee. Aangesien SADPO ‘n geaffilieerde lid van die Kamer van Mynwese is, het ons ook insette tot die verskeie besprekings rakende die Handves. Ons unieke bedryf, en die vermoeë om werk te skep, is net ‘n paar van die belangrike aspekte wat ons namens ons lede uitlig. Ons doen ons beste om soveel as moontlike blootstelling vir ons lede se probleme met die handves te kry.

NASIONALE KOMITEELEDE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Anton Jacobs, Johan Keyser, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos, Edith van Wyk

TENDERHUISE: CS Diamonds, Mahube Diamonds, NDM

SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK

SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart

SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID: Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes), Edith van Wyk (Noord Wes), Johan Keyser (Noord Kaap), Mark Hunt (Noord Kaap)

KONSULTANT: Dr John Bristow, PhD.

Webtuiste: http://sadpo.co.za/

Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850

E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737